education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE

VRAESTEL 1

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, ‘n 1 formuleblad en ‘n 10-bladsy antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ‘n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Gebruik ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar.
5. Gebruik ‘n donker potlood of blou ink om die vrae te beantwoord.
6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die aangehegte formuleblad.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ‘n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE af te wyk nie.

VRAAG 1: 20 punte; 15 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer**
Klubs	**Bestuursrekeningkunde** Grootboek-rekeninge van klubs en die interpretasie daarvan.

VRAAG 2: 55 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer**
Vennootskappe	**Finansiële rekeningkunde** Finansiële state en berekeninge **Bestuursrekeningkunde** Ontleding en vertolking van finansiële inligting van vennootskappe

VRAAG 3: 45 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer**
Vaste bates en etiek	**Finansiële rekeningkunde** Notas tot die Finansiële state van ‘n vennootskap **Bestuur van hulpbronne** Interne kontrole en etiek

VRAAG 4: 30 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer**
Voorraadstelsels en vennootskappe	**Bestuur van hulpbronne** Periodieke voorraadstelsels **Bestuursrekeningkunde** Ontleding en vertolking van finansiële inligting

VRAAG 1: INTERPRETASIE VAN GROOTBOEKREKENINGE VAN KLUBS

(20 punte; 15 minute)

GEVRA:

Bestudeer die gegewe Grootboekrekeninge en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Hoeveel nuwe lede het aan die begin van die 2019 finansiële jaar by die klub aangesluit? (3)

1.2 Hoeveel lede het die klub gehad? (3)

1.3 Wat sal die bedrag/bedrae vir "Ledegeld" in die Staat van Ontvangstes en Betalings wees? (2)

1.4 Daar is 'n bedrag van R9 900 aan die debietkant van die *Ledegeld* rekening. Verduidelik waarom die kontra-rekening van hierdie bedrag streng gesproke foutief is en veduidelik wat die korrekte besonderhede sal wees. (3)

1.5 Gee een moontlike verduideliking vir die inskrywig van R90 aan die debietkant van die *Ledegeld* rekening. (1)

1.6 Gee een moontlike verduideliking vir die inskrywing van R90 aan die kredietkant van die *ledegeld* rekening. (2)

1.7 Hoeveel lede betaal ledegeld vir 2020 gedurende 2019? (1)

1.8 Verduidelik waarom daar 'n "Opgelope inkomste" inskrywing aan beide kante van die *ledegeld* rekening is. (4)

1.9 Verduidelik waarom dit onwaarskynlik sal wees dat daar 'n "Opgelope inkomste" inskrywing in die *intreegeld* rekening sal wees. (1)

INLIGTING:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN DIE WILGERS SOSIALEKLUB

Ledegeld

Jan[19]	1	Opgelope inkomste		360	Jan[19]	1	Vooruitontvange inkomste		270
Des	31	Vooruitonvange inkomste		540	Des	31	Bank		9 720
		Bank		90			Ledegeld afgeskryf		180
		Wins en verlies		9 900			Verversings		90
							Opgelope inkomste		630
				10 890					10 890

Intreegeld

Des[19]	31	Opgelope fonds		1 575	Des[19]	31	Bank		1 575

Addisionele inligting:

(a) Die ledegeld is R90 per lid per jaar.

(b) Elke nuwe lid betaal intreegeld van R225 voordat hulle toegelaat word as 'n lid.

(c) Alle nuwe lede het aan die begin van die jaar aangesluit en geen lede het uit die klub bedank nie.

20

VRAAG 2: FINANSIËLE STATE VAN 'N VENNOOTSKAP (55 punte; 45 minute)

Die rekenpligtige tydperk van SAPA Handelaars, met vennote S. Saul en S. Paul, eindig jaarliks op die laaste dag van Februarie. Die inligting wat gegee word het in hulle boeke verskyn op 28 Februarie 2019.

OPDRAG:

2.1 Stel SAPA Handelaars se Balansstaat met die gegewe notas op 28 Februarie 2019 op. (40)

2.2 Lewer kommentaar oor die solvensie en die likiditeit van onderneming deur onder andere die volgende verhoudings te bereken: solvensieverhouding, bedryfskapitaalverhouding en die vuurproefverhouding. (15)

INLIGTING:

A. VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN SAPA HANDELAAR SOOS OP 28 FEBRUARIE 2019.

Balansstaatrekeninge	Fol.	Debiet	Krediet
Kapitaal: S. Saul			216 000
Kapitaal: S. Paul			180 000
Onttrekkings: S. Saul		80 120	
Onttrekkings: S. Paul		90 520	
Privaatrekening: S. Saul			4 201
Privaatrekening: S. Paul			4 504
Grond en geboue		340 000	
Voertuie		72 000	
Toerusting		50 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie			16 200
Opgehoopte waardevermindering op toerusting			10 260
Handelsvoorraad		40 500	
Debiteurekontrole		9 765	
Voorsiening vir oninbare skulde			612

Bank		22 210	
Krediteurekontrole			24 983
Vaste deposito: AB Bank		17 000	
Nominale rekeninge:			
Verkope			1 001 500
Koste van verkope		511 200	
Debiteure-afslag		2 750	
Eiendomsbelasting		2 808	
Skryfbehoeftes		1 962	
Huurinkomste			15 400
Oninbare skulde		206	
Herstelwerk		1 386	
Telefoon		5 120	
Oninbare skulde ingevorder			2 246
Versekering		4 772	
Lone		47 520	
Bankkostes		1 841	
Water en elektrisiteit		4 251	
Rente op vaste deposito			2 052
Salarisse		172 000	
		1 477 931	1 477 931

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

(a) Vennoot S. Saul neem voor die voorraadopname goedere met ‘n kosprys van R1 200 vir persoonlike gebruik. Die transaksie is nog nie aangeteken nie.

(b) Handelsvoorraad is aan R. Viljoen verkoop op 27 Februarie 2019 vir R1 080 (kosprys R940). Al die nodige dokumente is ingevul en aangeteken. R. Viljoen het nog nie die goedere kom haal nie en die verkope is nie in berekening gebring tydens die voorraadopname nie.

(c) Voorraad voorhande:

- Handelsvoorraad R39 900
- Skryfbehoeftes R101

(d) ‘n Faktuur is van H&H Motors ontvang vir herstelwerk aan ‘n voertuig, R670. Die nodige inskrywings moet nog gedoen word.

(e) Ingesluit in die versekeringsbedrag is ‘n jaarlikse premie van R2 640 op ‘n polis wat 1 Mei 2018 hernu is.

(f) ‘n Gedeelte van die gebou word sedert 1 Mei 2018 uitverhuur. Die huur vir Maart 2019 is reeds ontvang en aangeteken.

(g) Die telefoonrekening vir Februarie 2019 is ontvang maar nog nie betaal nie, R508.

(h) Verdeling van wins:

- Die vennote is geregtig op rente op kapitaal teen 15% per jaar.
- Elk van die vennote is geregtig op 'n salaris van R7 800 per maand.
- Vennoot S. Saul ontvang 'n bonus van R4 000.
- Die oorblywende wins/verlies moet gelykop tussen die vennote verdeel word.

(i) Die netto wins vir die jaar is R251 860.

55

VRAAG 3: VASTE BATES EN ETIEK (45 punte; 35 minute)

Die volgende inligting is uit die boeke van Malofo Sportklub geneem.

GEVRA:

3.1 Die vaste/tasbare bate-nota by die Finansiële State op 31 Desember 2018. (40)

3.2 Bereken die bedrag wat aan die verskaffer vir die nuwe toerusting betaal is. (2)

3.3 Pete Malofo is ontevrede oor die feit dat sy broer, Jo Malofo, die ou toerusting teen 'n verlies oorgekoop het van die besigheid. Hy voel hulle kon dit teen 'n wins aan iemand anders verkoop het of dit op die nuwe toerusting ingeruil het. Dink jy hy het rede om ontevrede te wees daaroor? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

INLIGTING:

A. UITTREKSEL UIT DIE NA-AFSLUITINGSPROEFBALANS OP 31 DESEMBER 2017:

Voertuig	R90 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuig	?
Toerusting teen kosprys	R25 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	R7 200

B. UITTREKSEL UIT STAAT VAN ONTVANGSTE EN BETALINGS OP 31 DESEMBER 2018:

Betalings	
Voertuig	?
Toerusting	R2 000
Krediteur (vir toerusting gekoop)	?

C. Bykomende inligting wat oorweeg moet word:

(a) Voertuie:

- Die voertuig vir R90 000 is op 30 Junie 2016 aangekoop.
- Die tweedehandse voertuig is op 30 September 2018 gekoop.
- Geen voertuig is gedurende die huidige jaar verkoop nie.
- Waardevermindering word teen 20% p.j. op die drawaarde van voertuie afgeskryf.
- Die jaareindsaldo (31 Desember 2018) van die opgehoopte waardevermindering op voertuie nadat die bogenoemde in ag geneem is, is teen R40 060 bereken.

(b) Toerusting:

- Op 31 Mei 2018 het Jo Malofa verouderde toerusting (kosprys R2 400) teen ‘n verlies van R500 vir homself gekoop. Nuwe toerusting wat R25 000 gekos het is op krediet gekoop om dit te vervang. Die boekwaarde van die ou toerusting was R840 op die eerste dag van die rekenpligtige tydperk. Op die jaareinde (31 Desember 2018) was R9 000 nog aan die verskaffer van die nuwe toerusting verskuldig.
- Bykomende toerusting is op 1 Junie 2018 vir kontant gekoop.
- Waardevermindering word teen 10% p.j. op drawaarde afgeskryf.

45

VRAAG 4: PERIODIEKE VOORRAAD EN ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (30 punte; 25 minute)

4.1 PERIODIEKE VOORRAAD

High Flying T-hemde voer T-hemde van “The T-shirt Co.” in Egipte in. Hulle gebruik die periodieke voorraadsstelsel.

GEVRA:

Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Desember 2018. (10)

INLIGTING:

A. Die volgende saldo’s verskyn in die boeke op 31 Desember 2018:

Handelsvoorraad - 1 Januarie 2018 (3 000 T-hemde)	R75 000
Aankope (35 000 T-hemde)	R875 000
Vraggeld op aankope	R90 250
Vraggeld op verkope	R12 500
Doeanebelasting	R87 500

B. Aansuiwerings en addisionele inligting.

(a) 'n Bykomende 10 000 T-hemde is in Desember van "The T-shirt Co." bestel. Die bestelling is op 20 Desember 2018 ontvang en die rekening van R250 000 is steeds uitstaande.

(b) Doeanegelde gelyk aan 10% van hierdie aankope is onmiddellik betaal.

(c) Vraggeld op aankope wat R16 000 beloop, is aan Speedy Freight betaal vir die vervoer van die T-hemde vanaf Egipte na Suid-Afrika.

(d) T–hemde wat R20 000 kos, is op 30 Desember aan die "The T-shirt Co." teruggestuur.

(e) Geen inskrywing is gemaak vir 200 T-hemde met 'n kosprys van R5 000 wat op 29 Desember aan die organiseerders van die plaaslike seiljagresies geskenk is nie.

(f) Volgens 'n voorraadopname op 31 Desember 2018 was daar 3 750 T-hemde ter waarde van R93 750 voorhande.

4.2 ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

Jy word voorsien van die finansiële state van twee klerewinkels vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019.

GEVRA:

Bereken die volgende:

4.2.1 Die opbrengs op gemiddelde ekwiteit van Bonny's Clothing. (5)

4.2.2 Clyde se bedryfsverhouding. (3)

4.2.3 Bonny se voorraadomsetsnelheid. (4)

4.2.4 Clyde se gemiddelde debiteure-invorderingstermyn. (5)

4.2.5 Clyde se wins is hoër as die van Bonny. Beteken dit haar onderneming is beter? Verduidelik. (3)

INLIGTING:

A. Agtergrond

Bonny het haar klerewinkel 5 jaar gelede begin. Haar doelwit is om klere van goeie gehalte teen 'n redelike prys te verskaf. Sy is geesdriftig oor goeie diensverskaffing en is bekwaam en hardwerkend. Sy het 'n rekeningkundige kwalifikasie en behartig self al die winkel se aankope, bestuur en administrasie. Sy het net een verkoopspersoon in diens om haar te help.

Clyde het haar boetik 3 jaar gelede begin. Sy het na skool 'n kursus in klereontwerp gedoen en hou baie van kleurvolle, modieuse klere. Sy is lief vir mense en is graag oral in die dorp rond sodat sy op hoogte kan bly van die nuutste tendense. Sy is nie baie gedissiplineerd nie en moes mense aanstel om die administrasie en rekeningkudige werk te doen.

B. Die huidige situasie.

Clyde het so pas 'n vergadering met haar rekenmeester gehad om Clyde's Boutique se finansiële state te bespreek. Hy het daarop gewys dat 'n paar probleemgebiede in haar onderneming aandag nodig het. Hy beveel aan dat sy dit oorweeg om 'n vennootskap met iemand aan te gaan en stel voor dat sy Bonny, 'n vriendin van hom wat ook 'n klerewinkel besit, ontmoet.

C. UITTREKSEL UIT DIE INKOMSTESTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2019.

	Bonny Clothing	**Clyde's Boutique**
Verkope	1 950 000	2 500 000
Koste van verkope	(1 300 000)	(1 250 000)
Bruto wins	650 000	1 250 000
Bedryfsuitgawes	(450 000)	(700 000)
Bedryfswins	200 000	550 000
Rente-uitgawe	-	(35 000)
Netto wins	200 000	515 000

D. ALANSSTATE OP 28 FEBRUARIE 2019

	Bonny Clothing	**Clyde's Boutique**
BATES		
Nie-bedryfsbates	255 000	1 520 000
Bedryfsbates	290 000	590 000
Voorraad (slegs handelsvoorraad)	150 000	245 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	90 000	344 000
Kontant en kontantekwivalente	50 000	1 000
TOTALE BATES	545 000	2 110 000
EKWITEIT EN LASTE		
Eienaarsbelang	405 000	1 390 000
Kapitaal	385 000	1 425 000
Netto wins	200 000	515 000
Onttrekkings	(180 000)	(550 000)
Nie-bedryfslaste	-	350 000
Verbandlening (10%p.j.)	-	350 000
Bedryfslaste	140 000	370 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	140 000	295 000
Bankoortrekking	-	75 000
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	545 000	2 110 000

Kopiereg voorbehou

E. Die volgende inligting kom uit die twee stelle finansiële state:

	FINANSIËLE AANWYSERS	**Bonny Clothing**	**Clyde's Boutique**
1.	Bruto wins as 'n persentasie van koste van verkope	50%	100%
2.	Bruto wins as persentasie van verkope	33⅓%	50%
3.	Bedryfsuitgawes as 'n persentasie van verkope	23,1%	28%
4.	Netto wins as 'n persentasie van verkope	10,3%	20,6%
5.	Opbrengs op gemiddelde ekwiteit	?	36,6%
6.	Graad van solvensie	3,9 : 1	3 : 1
7.	Bedryfsverhouding	2,1 : 1	?
8.	Vuurproefverhouding	1 : 1	0,9 : 1
9.	Voorraadomsetsnelheid	?	5,5 keer
10.	Periode waarvoor genoeg voorraad voorhande is	39 dae	66 dae
11.	Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	26 dae	?
12.	Gemiddelde krediteurebetalingstermyn	58 dae	90 dae
13.	Skuld : ekwiteitsverhouding	0	0,25 : 1

F. NOTAS

Handelsvoorraad aan einde van verlede jaar	R130 000	R210 000
Debiteuresaldo aan einde van verlede jaar	R95 000	R310 000
Krediet verkope	50%	80%

30

TOTAAL: 150

FORMULEBLAD GRAAD 11

Bedryfsbates - Bedryfslaste	$\frac{\text{Krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365}{1}$
Totale bates : Totale laste	Nie-bedryfslaste : Eienaarsbelang
$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	$\frac{\text{Handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Krediet verkope}} \times \frac{365}{1}$	Bedryfsbates : Bedryfslaste
Bedryfsbates – voorraad : Bedryfslaste	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$

Kopiereg voorbehou